Die skep van werklikheidsbeeld in ’n roman

Author:
Helene de Kock[1]

Affiliation:
[1]M.Akad.SA, North-West University, South Africa

Correspondence to:
Helene de Kock

Email:
helenedk@mweb.co.za

Postal address:
PostNet Suite 1064 Private Bag X1007, Lyttelton 0140, South Africa

Dates:
Received: 07 Feb. 2013
Accepted: 03 Feb. 2015
Published: 10 Apr. 2015

How to cite this article:
De Kock, H., 2015, ‘Die skep van werklikheidsbeeld in ’n roman’, *Literator* 36(1), Art. #427, 12 pages. http://dx.doi.org/10.4102/lit.v36i1.427

Copyright:
© 2015. The Authors. Licensee: AOSIS OpenJournals. This work is licensed under the Creative Commons Attribution License.

Read online:
Scan this QR code with your smart phone or mobile device to read online.

Hierdie skryfkundige artikel poog om insae te bied in die skep van tydgees of werklikheidsbeeld – en wel as ’n aspek van ruimte in ’n roman. Die kern van die genoemde artikel is ’n verkorte studie van die skep van die verskillende aspekte van tydgees of werklikheidsbeeld. Die gevolgtrekking waartoe gekom word, is dat tydgees, of werklikheidsbeeld, bepaald in ’n roman geskep kan word en dan spesifiek deur die skeppingselemente karakter, ruimte, tyd en handeling. Afgesien van ’n kort bespreking in verband met die gebruik van skeppingselemente, word aandag geskenk aan die onderskeie aspekte waaruit tydgees of werklikheidsbeeld bestaan. Die doelwit is om uit te lig en te beklemtoon dat werklikheidsbeeld ’n onafskeidbare deel van die ruimte en ruimtelike dinamika in enige roman vorm. Deur ’n ondersoek na die verskillende aspekte van werklikheidsbeeld, soos byvoorbeeld identiteit, kulturele ruimte, die sosio-ekonomie en politiek, kan benadruk word dat werklikheidsbeeld wel in ’n roman geskep kan word. Dit is inderdaad so dat al bogenoemde aspekte nie alleen ’n diepliggende invloed op werklikheidsbeeld het nie, maar ook aan die kern daarvan lê.

The creation of reality image in a novel. This article discusses aspects of the process of creative writing and specifically endeavours to give a heuristic view on the creation of image of reality, or Zeitgeist, as a spatial element in a novel. Therefore it discusses space as a specific aspect of creative writing. The core of this article is, in other words, a summarised study of the realisation of the various aspects of Zeitgeist in a novel or other genres of fiction as, for instance, short stories or novellas. The conclusion is that Zeitgeist, or the spirit of the times, can indeed be realised in a novel. Apart from a discussion on the application of the narrative elements, attention is also paid to the various aspects of Zeitgeist, or a particular image of reality. The aim is to emphasise and accentuate that Zeitgeist, or image of reality is, in fact, an inseparable part of space and the spatial dynamics in a novel. By taking a closer look at the different facets of Zeitgeist – for instance identity, cultural space, the socio-economy, as well as politics – it is stressed that an image of reality can be created in a novel by bringing into play creative elements like character, space, time and plot. This is done in order to unveil the above mentioned facets. All these aspects or facets not only have a deep-seated influence on Zeitgeist, but occur at the very core of it.

Inleiding

Hierdie artikel is nie analities nie – dit is skryfkundig van aard en het ten doel om die skep van werklikheidsbeeld as ’n belangrike aspek van abstrakte ruimte te belig. Met abstrakte ruimte word ook bedoel die vele abstraksies waaruit ruimte bestaan. Met ander woorde, die onsigbare elemente of aspekte waaruit die ruimte van die mens (en van karakters) bestaan. In die skryfkuns word karakter, ruimte, tyd en handeling skeppingselemente genoem. Ruimte word hier as skeppingselement in die skryfkuns bespreek en werklikheidsbeeld as deel daarvan. Ruimte bestaan uit konkrete ruimte(s) soos fisieke plekke. Abstrakte ruimte het vele fasette of aspekte wat onder meer in die kultuur, identiteit, werklikheidsbeeld en so meer van die mens (en van karakters) manifesteer.

Brink (1989:118) meen ook dat ruimte ‘nie net plek of omgewing beteken nie, maar ’n groot verskeidenheid van vorme, kringe of dimensies in die storie aanneem’. Daar is egter ’n nuanseverskil wat betref ruimte en plasing. Die plasing of ‘konkrete ruimte’ (Brink 1989:118) in ’n roman is die plek of area waar dit afspeel, terwyl die volledige konsep van ruimte veel meer insluit. Die abstrakte begrip ‘werklikheidsbeeld’ is byvoorbeeld ook gekoppel aan die volledige ruimte van ’n verhaal. Plasing is konkreet en gebonde aan die plek waar die verhaal hom afspeel, onder meer, byvoorbeeld, ’n plaas. Plasing is derhalwe ‘die blote plek’ (Du Plooy 1992a:101). Plek is wel belangrik, aangesien plekke ook abstrakte waardes dra ‘binne kulturele en sosiologiese kodes, want binne sekere denksisteme het ’n mens sielkundige

en ideologiese en selfs morele assosiasies met plekke' (Du Plooy 1992a:102). Abstraksies soos drome, herinneringe, gewoontes, asook kultuur, identiteit, werklikheidsbeeld, en so meer, ontstaan meestal binne konkrete ruimte(s). Ruimte is gevolglik nie net die sogenaamde 'agtergrond' nie, maar 'n 'volledig kommunikatiewe epiese kategorie' (Venter 1992:455). Ruimte is allesomvattend van aard; dit is 'n totale ervaring wat die karakters sintuiglik en intuïtief dermate omvou dat niks daardeur uitgesluit word nie (Du Plooy 1992a:100).

By ruimtelike abstraksies word dan, soos genoem, onder meer kultuur, identiteit, werklikheidsbeeld, sin van plek, hibriditeit en liminaliteit ingesluit. Na my mening behoort die mens se allesomvattende psige hier in ag geneem te word. Dit is immers op sigself 'n abstraksie. Die dinamika en wisselwerking van abstraksies soos kultuur, identiteit, werklikheidsbeeld, ensovoorts, werk in en deur die mens, aangesien die menslike psige dit nie alleen registreer nie, maar daarvan vol is (De Kock 2014:137). Abstrakte ruimte omvat derhalwe alles wat die mens psigies ervaar en waarneem, en dit is vanuit hierdie aanname dat ruimtelike abstraksies ook in 'n roman geskep word. Konkrete ruimte(s) bly nie lank konkreet nie, maar raak vloeibaar vanweë die psigiese belewenis daarvan deur die mens (en derhalwe ook deur 'n karakter). Die mens se fisieke ruimte kan derhalwe nooit van sy psigiese ruimte geskei word nie (De Kock 2014:136). Wanneer werklikheidsbeeld – wat immers deel is van die menslike psige – geskep word, is bogenoemde 'n belangrike aspek om in gedagte te hou. Die feit dat die mens se psige sy ruimte huisves, is 'n erkende studieveld. Hierdie sistematiese, psigologiese studieveld staan bekend as topo-analise (Bachelard 1994:6).

Die abstrakte ruimte sluit vanweë die mens se belewenis van sy konkrete ruimte(s), derhalwe ook herinnering en drome, ensovoorts, in. Verder omvat abstrakte ruimte 'die ekonomiese klimaat, die hele sosio-politiek van 'n era' in (Brink 1989:119). Die genoemde sosio-ekonomiese, politieke en kulturele faktore werk ongetwyfeld mee aan die bepaling van werklikheidsbeeld, asook kultuur en identiteit (De Kock 2008:67). Verder is abstraksies soos kultuur, identiteit, werklikheidsbeeld en die menslike psige, wat trouens al hierdie abstraksies probeer verstaan, nie werklik van mekaar te skei nie. Werklikheidsbeeld is byvoorbeeld verweef met identiteit, kultuur, die sosio-politiek, religie, ensovoorts. Hierdie abstraksies is intens in wisselwerking met mekaar en veroorsaak derhalwe dinamika in die ruimte – beide in die werklike lewe én in 'n roman (De Kock 2014:iii). Die abstraksie, werklikheidsbeeld, word hier slegs apart bespreek.

Die mens se psige (drome, herinneringe, ervarings, sieninge, ideale, ensovoorts) kan sy ruimte as't ware omskep. Selfs die mens se geografiese en dus konkrete ruimte is aan sy emosies en ook ideologie verbind (Viljoen, Lewis & Van der Merwe 2004:15). Die insigte in verband met die skep van werklikheidsbeeld in 'n roman wat hier bespreek word, word onderlê deur die teorieë van praktykgebaseerde en praktykgeleide navorsing. Die genoemde insigte kan 'n bydrae lewer tot die skryfkunsteorie en spesifiek tot die skep van werklikheidsbeeld as 'n aspek van die skeppingselement 'ruimte'. In die artikel verwys ek in die aanbevelings na die skryfproses van my eie werk, by name van die historiese roman *Dieper water* wat oor 'n tydperk van 'n eeu afspeel. Die roman *Dieper water* is spesifiek geskryf om as verwysingspunt vir 'n volledige verhandeling vir my meestersgraad te dien. Dit is in 2007 deur Human & Rousseau gepubliseer en die redakteur was dr. Etienne Bloemhof.

Alhoewel skrywers nie eenders te werk gaan nie, is dit moontlik om 'n redelik universele ontwerpbeginsel in verband met 'n faset van die skryfkuns daar te stel. Skrywers skryf bewus en logies. Scrivener (2004) stel dit so: 'The creative-production process is self-conscious, reasoned and reflective'. Dit is gevolglik moontlik om die vele aspekte van die skryfproses te verwoord. Die verwoording van so 'n proses is egter die eintlike probleem. Met behulp van praktykgebaseerde navorsing sou 'n oplossing voorgestel kon word.

Praktykgebaseerde en praktykgeleide navorsing

Vanuit praktykgeleide navorsing, deur onder meer die skep van 'n artefak soos 'n roman, kan 'n proses gedokumenteer word wat insigte in verband met die skep van byvoorbeeld werklikheidsbeeld in 'n roman verduidelik. In hierdie artikel is daar nie sprake van 'n spesifieke werklikheidsbeeld nie, maar van werklikheidsbeeld as sodanig – en as 'n belangrike aspek van ruimte. Werklikheidsbeelde kom wel in verskillende vorme voor en die aard van die werklikheidsbeelde wat geskep word, hang dikwels af van die tydsgewrig waarin die roman afspeel.

Uiteraard kan daar veel meer oor praktykgebaseerde en praktykgeleide navorsing gesê word, maar vir die doel van hierdie artikel word hiermee volstaan. Twee vorme van kennis, naamlik implisiete sowel as eksplisiete kennis, speel 'n prominente rol in, onder meer, die skep van werklikheidsbeeld as 'n aspek van ruimte.

Implisiete en eksplisiete kennis

Implisiete kennis is subjektief en is binne 'n spesifieke konteks aan, onder meer, ervaring gebonde. Die skryfproses is inderdaad 'n proses waardeur ingebedde kennis (implisiete kennis) wat binne ervaring en herinnering lê, verwoord kan word – ook in retrospeksie wanneer die skrywer byvoorbeeld redigering doen. Tydens die werklike skryfproses is daar derhalwe sprake van implisiete of onverwoorde kennis ([*tacit knowledge*] Nonaka 1997:1). Hierdie onverwoorde kennis kan wel sinvol verwoord word, aangesien die skryfervaring wat binne 'n spesifieke konteks plaasvind, tydens die skryfproses (en selfs daarna), getransformeer kan word na verwoorde, formele en objektiewe kennis.

Die probleem lê in die proses van verwoording en presies wat so 'n proses van die skrywer verg. 'n Probleem is verder dat die skryfkuns die mees abstrakte kunsvorm is wat bestaan, aangesien dit in die skrywer se gedagtes begin en in die skrywer se gedagtes voltrek word (De Kock 2008: 30). Dié proses kry eindelik tekstueel gestalte op die rekenaarskerm en/of papier. Dit bly egter kompleks om die genoemde abstraksie onder woorde te bring. Michael Polanyi (1967:4) gaan in sy boek, *The tacit dimension* uit van die kernstandpunt dat '(w)e can know more than we can tell'. Die term wat Polanyi aan hierdie voorafdenkfase of prelogiese, intuïtiewe fase van kennis toeken, is implisiete kennis, wat bestaan uit 'n reeks konseptuele en sensoriese beelde en informasie wat saamgevoeg kan word tot 'n bepaalde teorie (Smith 2003). Verwoorde kennis aangaande die skryfproses kan bepaald verhelderend op die skryfproses inwerk indien 'n skrywer 'n studie daarvan maak.

Eksplisiete kennis, daarenteen, is objektiewe en rasionele kennis wat konteksvry in woorde, sinne, syfers en formules uitgedruk kan word (Nonaka 1997:1). Die doel van hierdie artikel is om 'n romanskrywer se implisiete kennis binne 'n raamwerk van eksplisiete kennis te omskryf. Eksplisiete kennis sluit teoretiese benaderings, probleemoplossings, handboeke en databasisse in (Nonaka 1997:1).

Die proses waardeur onverwoorde kennis akademies verwoord word, is eksternalisering. Idees, beelde en die totale kreatiewe proses word dan formeel geartikuleer in woorde, metafore en analogieë (Nonaka 1997:1). Die argument is dat bewuste waarneming tydens die skryfproses teenwoordig is en in woorde gestalte kan kry. 'Mapping words onto worlds is a fundamental [...] requirement for narrative sensemaking' (Herman 2009:37). In hierdie artikel word gepoog om die proses van die skep van werklikheidsbeeld, wat in wese uit ingebedde kennis bestaan, eksplisiet te verwoord.

Die term *werklikheidsbeeld* verg 'n nadere beskouing, aangesien werklikheidsbeeld 'n belangrike abstraksie van ruimte is. Werklikheidsbeelde kom in verskillende vorme voor en die aard van die werklikheidsbeeld wat geskep word, hang dikwels af van die tydsgewrig waarin die roman afspeel. Werklikheidsbeelde is derhalwe persepsies wat tyd- of periodegebonde is en 'n deurslaggewende invloed het op mense in die werklikheid, asook op karakters in fiksie. 'Werklikheidsbeeld/tydgees is 'n belangrike aspek van die mens se werklike ruimte, aangesien hy onbetwisbaar daardeur beïnvloed word en uiteenlopende reaksies daarop toon' (De Kock 2014:99). Die skeppingselement ruimte word vervolgens oorsigtelik behandel, want om werklikheidsbeeld in fiksie te skep, verg 'n holistiese begrip van die algehele ruimte waarbinne 'n roman afspeel.

Ruimte as skeppingselement

Ruimte is in die eerste plek nie staties nie. 'Space, much like identity, is not static, but rather changeable and dynamic' (Viljoen *et al.* 2004:15). Ruimte kan hoegenaamd nie staties wees nie, aangesien 'die verskillende fasette en dimensies van ruimte elk 'n eie, unieke lewe het en dinamies op mekaar inwerk' (De Kock 2014:90). Dinamiek en energie is onder meer eie aan ruimte en derhalwe ook aan die werklikheidsbeeld.

Alhoewel die volgende stelling in verband met die mens in die werklikheid gemaak word, is dit bepaald ook waar van karakters in fiksie. Viljoen *et al*. (2004) stel die volgende in verband met die mens en sy persepsie van sy ruimte:

> [*H*]uman spatial perception is changeable and continually shifting. Secondly... it is intimately tied to emotional values humans attach to certain spaces and places. And thirdly [...] as inner space folds into outer space [*and vice versa*] people need a sense of belonging, of being at home somewhere. (p. 1)

Laasgenoemde stelling kan beskou word as blywend en universeel, aangesien dit bewys dat die mens se ruimte sy hele bestaan affekteer, en dus ook sy beeld van die werklikheid.

Die sisteemteorie binne die sielkunde, waarmee Capra veral vereenselwig word, sluit by bogenoemde aan in dié sin dat die holistiese en ekosistemiese opvatting die wêreld as 'n oop, lewende sisteem sien. Capra (1982:298) konstateer dat die mens geïntegreer is met sy ruimte. Om die menslike natuur te begryp, moet dus nie net sy fisieke en psigologiese dimensies bestudeer word nie, maar ook sy sosiale en kulturele organisasies en uitdrukkings. Volgens Capra (1982:298) neem die mens, meer as enige ander spesie, deel aan kollektiewe denke, en daardeur skep hy 'n wêreld van kultuur en waardes wat 'n integrale deel van sy leefwêreld word. Hierdie integrale deel van die mens se leefwêreld is inderdaad niks anders nie as die werklikheidsbeeld wat sy hele bestaan kan beïnvloed. Daar is vanselfsprekend 'n onderskeid tussen die werklikheid van die mens se leefwêreld en die beeld wat die mens van sy leefwêreld het. Die geskape wêreld van die mens, en gevolglik ook van 'n karakter, is sy ruimte – en so ook is sy werklikheidsbeeld deel van sy ruimte.

Die skrywer se siening en uitbeelding van die ruimte is afhanklik van sy werklikheidsbeeld (of ontologie: sy opvatting oor wat bestaan en wat die sin van die bestaan is) en sy literatuuropvatting (wat hy as die aard en funksie van letterkunde of skryfwerk beskou). Sy werklikheidsbeeld word beïnvloed deur die tydgees – met ander woorde heersende of invloedryke maniere waarop die werklikheid en die mens se plek daarbinne verstaan word. Bogenoemde werklikheidsbeeld is 'n onafskeidbare aspek van die werklike ruimte van die mens (en gevolglik ook 'n karakter), aangesien hy onbetwisbaar daardeur beïnvloed word en uiteenlopende reaksies daarop toon.

Werklikheidsbeeld as onweglaatbare aspek van abstrakte ruimte

Werklikheidsbeeld as ruimtelike abstraksie – as 'n bepaalde siening of beeld van die werklikheid – behoort onderskei te word van werklikheidsbeeld as lewens- en wêreldbeskouing ('n omvattende manier om die wêreld te verstaan wat immers

aansluit by die ontologie as wysgerige leer aangaande die mens se bestaan). Hier behoort verder gestel te word dat werklikheidsbeeld inderdaad 'n komplekse begrip is. Werklikheidsbeeld is 'n aspek van ruimte wat vanweë mense se verbale en nieverbale handeling ontstaan – en dan ontwikkel in iets soos byvoorbeeld 'n tydgees (soos die postmodernisme) wat weer in wisselwerking tree met die mens se verbale en nieverbale handeling. Met ander woorde, werklikheidsbeeld kan wel die resultaat van die samespel van karakter, tyd, ruimte, gebeure en fokalisasie wees. Alhoewel, hierdie werklikheidsbeeld wat vanweë die verbale en nieverbale handeling van mense (of karakters) ontstaan, word bepaald 'n magtige entiteit wat op sigself weer in wisselwerking met die verbale en nieverbale handeling van die mens (of karakter) tree. As voorbeeld kan hier verwys word na die postmodernisme wat die vele sekerhede van die postkoloniale weggevee het. Die postkoloniale, modernistiese werklikheidsbeeld het vaste waarhede en rigiede beginsels aangehang. Daarteenoor is die postmoderne tydgees 'téén ingeperkte, hermetiese, elitistiese en isolasionistiese benadering van die modernisme gekant' (Hambidge 1995:41). 'n Werklikheidsbeeld ontstaan immers vanweë mense se optrede en denke, en keer weer wisselwerkend terug om mense se handeling en denke te beïnvloed. Dit is laasgenoemde werklikheidsbeeld wat reeds deur die verbale en nieverbale handeling van mense (karakters) opgewek is en 'n abstrakte dog bepalende invloed het.

Werklikheidsbeeld as aspek van abstrakte ruimte het ten diepste te make met 'n individu se aannames oor, onder andere, die mens en God, asook die religie, die geskiedenis, die wêreld en die sin van die lewe – met ander woorde met sy ontologie. Die genoemde aannames word vergestalt in 'n individuele en ook kollektiewe siening wat op sigself handeling beïnvloed en 'só word 'n wêreldbeeld, watter een dit ook al is, in en deur taal (hoofsaaklik in die vorm van stories) oorgedra' (Burger 2004:3). 'n Mens kan hier van Burger verskil, aangesien stories wel 'n bydrae tot 'n mens se werklikheidsbeeld maak, maar hierdie werklikheidsbeeld inderdaad ook deur opvoeding, onderrig en die voorbeeld van ander gevorm word. Deur middel van opvoeding, ensovoorts, word individuele en kollektiewe sienings dus al gou die lewensbeskouing of werklikheidsbeeld van 'n hele groep tydgenote.

Werklikheidsbeeld kan in 'n hoë mate gelyk gestel word aan *die Zeitgeist*, 'n Duitse woord wat neerslag in verskeie tale soos, onder meer, Engels gevind het. Werklikheidsbeeld of tydgees is die 'denkbeelde wat in 'n bepaalde tyd heers' (HAT 2009:1212). Hierdie denkbeelde word gevorm deur omgewingsfaktore, soos die kultuur waarbinne karakters hulle bevind, die taal wat hulle praat, hul indrukke van die politieke en maatskaplike klimaat, ensovoorts. Kollektiewe aktiwiteite binne 'n kultuur beïnvloed ook hierdie werklikheidsbeeld wat immers van tydgees ook waar is. Dit is rituele wat as essensieel beskou word binne 'n sekere kultuur se manier van doen (Beheydt 2002). Hier kan egter genoem word dat nie alle kollektiewe aktiwiteite rituele is nie.

Die hoofkarakters, Rachel en Hektor, asook die ouer newekarakters in die roman *Dieper water* het later in die roman in 'n postmodernistiese klimaat beweeg. Volgens Van Heerden (1997:17) word daar in die postmodernisme nie 'n absolute waarheid as eindpunt voorsien nie. Komende vanuit 'n meer modernistiese ruimte waar daar vaste waarhede aangehang is, verwar en prikkel hierdie onsekerheid van die postmoderne deel van hul lewe die genoemde karakters. Rachel en Hektor se verbale asook nieverbale handeling laat die postmodernistiese werklikheidsbeeld manifesteer, selfs al is hulle nie bewus daarvan dat hulle 'n sekere werklikheidsbeeld skep nie. Hulle word beïnvloed deur dié werklikheidsbeeld en bevestig hierdie invloed deur hul verbale en nieverbale handeling.

Brock (2002) beskryf die tydgees, holisties gesien, as niks anders nie as die vergestalting van die toekomsverwagtinge van 'n bepaalde groep tydgenote. Werklikheidsbeeld kan derhalwe ook deur die kollektiewe denke en toekomsverwagtinge van tydgenote behorende tot 'n spesifieke epog vergestalt word. Bogenoemde beteken bloot dat die lewensiening, die etos, van 'n groep tydgenote ooreenstem en 'n kragtige en onvermydelike invloed op die individu, sowel as die groter gemeenskap en sy ruimte het.

Dit beteken vanselfsprekend nie dat daar net 'n enkele werklikheidsbeeld in 'n gegewe periode teenwoordig is nie. Verskillende vorme van tydgees kan oorvleuel en kombineer. Werklikheidsbeeld is na my mening wisselwerkend van aard, aangesien die belewenis van 'n dominante kulturele, sosio-politieke of religieuse klimaat 'n effek op die identiteit van 'n persoon of groep persone het. Insgelyks wek die handeling en kultuur, asook die religieuse siening en sosio-politiek van 'n groep tydgenote 'n sekere tydgees op. Die plooibare identiteit van byvoorbeeld die generasie wat tydens of net na die Tweede Wêreldoorlog gebore is, toon dat hulle kollektief en individueel gedurig grense oorsteek. Hulle word as't ware genoop daartoe deur veranderings wat sosio-polities, kultureel sowel as wetenskaplik en tegnologies van aard is. 'Things are changing all the time [...] This whirlwind environment means that opportunities are rapidly being created ...' (Kehoe 1997:124). Hierdie druk van verandering voer mense mee en laat ander agter en kan deur middel van die handeling (verbaal en nieverbaal) van die karakters uitgebeeld word. Vir die roman *Dieper water* is 'n hooffokalisator (Rachel Froneman) gekies wat deurgaans op soek is na haar identiteit. Sy beleef twee verskillende vorme van tydgees, naamlik die postkoloniale en die postmodernisme. Die postmodernisme ontduik meesal 'n definitiewe definisie, maar kan na my mening beskryf word as 'n fluktuerende, vloeibare beeld van die omhullende, deurdringende ruimte waarin die mens (en karakter) hom bevind. Die handeling van die hoofkarater Rachel Froneman (verbaal en nieverbaal) toon dat sy haar tot 'n mate ook met die losser, vryer denkpatroon van die postmodernisme kan identifiseer. As vrou in haar sestigerjare leer sy byvoorbeeld tik en skryf byderwetse jeugromans, en begin leef en optree met die besef dat sy

nie meer so gebonde is aan postkoloniale sienings nie, dat sy oop is vir verandering en 'n meer liberale, soepeler kyk op die lewe kry. Aangesien dit in die genoemde roman noodsaaklik is dat die leser met Rachel, as hoofkarakter wat verskillende werklikheidsbeelde oordra, moet kan identifiseer, is dit ook verkieslik dat sy die hooffokalisator bly, want '[*b*]enewens die gekose perspektief, beïnvloed die konstantheid daarvan ook identifisering' (Greyling 2005:115). So kan 'n werklikheidsbeeld ook deur middel van die leser se identifikasie met 'n karakter uitgebou word.

Werklikheidsbeeld is deel van die mens se abstrakte ruimte, aangesien dit onvermydelik ook deel vorm van sy kultuur, religieuse beskouing en beoefening, sosio-politiese uitkyk, en so meer. Dit is gevolglik ook waar van karakters se fiktiewe ruimte. Dit kan in der waarheid beskou word as 'n ruimtelike abstraksie wat in enige roman of verhaal figureer. Tydgees of werklikheidsbeeld verklaar byvoorbeeld ook die noue verband tussen karakter en ruimte, aangesien 'n roman nie geskep kan word sonder dat dit die tydgees weerspieël, of selfs vooruit loop, kritiseer, parodieer, satiriseer en/of bevraagteken nie. 'n Voor die hand liggende voorbeeld van 'n werklikheidsbeeld is die volgende: Daar was 'n paradigmaskuif nodig ná die disintegrering van apartheid. 'Van alle kante moes mense nuut besin in 'n radikaal veranderde samelewing' (Viljoen & Van der Merwe 2006:ix). Die genoemde besinning het uiteraard mense se siening omtrent die werklikheid (en hul ruimte) verander en beïnvloed. 'n Verdere voorbeeld van 'n werklikheidsbeeld is die ontnugtering en nihilisme, asook die ontkenning van die bestaande dinge (Rookmaker 1971:154, 156) wat 'n kenmerk van die jare na die Tweede Wêreldoorlog was.

Die verskillende werklikheidsbeelde verg 'n diepgaande bespreking, maar ek volstaan slegs met 'n kort bespreking van die postmodernisme as voorbeeld: Die werklikheidsbeeld bekend as die postmodernisme kan nie simplisties omskryf word nie. Die postmodernisme is wel al omskryf as dat dit 'n 'eklektiese en paradoksale gees' (Van Heerden 1997:43) openbaar. Hierdie werklikheidsbeeld dra ook die opvatting dat daar geen enkele waarheid is nie, en dit dra verder protes teen tradisie en absolutisme wat lei tot 'heterogeniteit, vloeibaarheid, veranderlikheid' (Müller 1992:399). Etienne van Heerden (1997) reken verder dat die postmodernistiese tydgees nie as iets objektief gesien moet word nie 'maar eerder as 'n manier, of dan 'n verskeidenheid verwante maniere, van kyk en interpreteer'. Hierdie fluktuerende, vloeibare beeld van die omhullende, deurdringende ruimte waarin die mens hom bevind, is nou gekoppel aan die huidige tydgees en dit vind neerslag in byvoorbeeld 'n roman. Dit is egter ook waar dat die huidige tydsgewrig 'n aantal mededingende vorme van die tydgees, soos byvoorbeeld die post-postmodernisme vertoon. Die postmodernisme kan egter nie geheel en al as die heersende tydgees gesien word nie. Die post-postmodernisme of rekonstruktivisme kan moontlik 'n ander werklikheidsbeeld wees wat die huidige tydvak kenmerk (Engelbrecht 2012:27).

'n Gemeenskap se reaksies op die gebeure van die dag of druk van buite spruit, volgens Braudel (aangehaal deur Van der Merwe 2007), uit 'n reaksie op 'n onverwoordbare kompulsie vanuit die kollektiewe onbewuste. Dieselfde geld vir karakters in 'n roman. Die tydgees van 'n spesifieke era is soms so diep gewortel dat mense (en ook karakters) kwalik daarvan afstand kan neem om dit analities te beskou. Oor die algemeen is mense (en karakters) skaars bewus daarvan dat werklikheidsbeeld in hul individuele en kollektiewe lewe figureer.

Mense, en vanselfsprekend ook karakters, is egter nie geheel en al willoos aan die tydgees onderworpe nie. Sommige mense rebelleer byvoorbeeld teen die tydgees van postmodernisme deur vaste, meer tradisionele waardes te onderskryf. Dit word bewus of onbewus gedoen. Beheydt (2002) beskryf 'n tendens van die postmodernisme só: 'Het is een postmoderne trend geworden om de culturele identiteit te ontkennen en te geuren met een verlicht kosmopolitisme'. Dit is teen dergelike tendense van die postmodernistiese tydgees dat karakters in 'n roman byvoorbeeld in opstand kan kom deur aan te dring op die behoud van kulturele identiteit. Werklikheidsbeeld is inderdaad 'n komplekse begrip, aangesien dit verweef is deur aspekte soos kultuur, identiteit, religie, hibriditeit en liminaliteit. Wanneer 'n skrywer derhalwe 'n bepaalde werklikheidsbeeld in die skryfkuns wil uitbeeld, moet aan die genoemde aspekte daarvan aandag geskenk word.

Die plaas Diepwater in die Oos-Vrystaat kan as voorbeeld dien van 'n basisruimte waar verskillende tydperke en verskillende generasies hulle afspeel en waar gevolglik ook verskillende werklikheidsbeelde ervaar word. Die hele roman is vanuit 'n Christelike perspektief (kortliks saamgevat as skepping, sondeval en verlossing) geskryf. 'n Postkoloniale werklikheidsbeeld kom byvoorbeeld konkreet in die roman *Dieper water* voor as 'n situasie waar koring in die veertigerjare op 'n seil uitgegooi is en die omroer van die koring met kaal voete gedoen is, en terwyl die hoofkarakters die koring al om en om roer, besin hulle op 'n ouwêreldse, amper rigiede wyse oor die huwelik. In die negentigerjare (die drie vervlegte verhale speel oor 'n eeu af), word daar egter 'n moderne koringdroër gebruik. Die modernisering van die boerdery lui amper vanselfsprekend 'n nuwe era met nuwe begrippe in. Die belang van kerk toe gaan en die wyse waarop karakters God as Opperwese erken, is ook tekenend van 'n religieuse werklikheidsbeeld wat oorheersend was, byvoorbeeld in die tyd tydens en na die Tweede Wêreldoorlog. Die postmodernistiese werklikheidsbeeld, byvoorbeeld die minder rigiede beoefening van die karakters se godsdiens, word verder in die roman uitgebeeld.

Werklikheidsbeeld en die skryfkuns

Werklikheidsbeeld hou ten nouste verband met die skryfkuns, aangesien skrywers hulleself uiteraard in 'n spesifieke maatskaplike, kulturele en politieke ruimte bevind. Die skrywer leef verder binne 'n sekere tydperk of era wat saam met bogenoemde faktore sy werklikheidsbeeld beïnvloed. Die werklikheidsbeeld van die skrywer vind dan

onvermydelik neerslag in die teks wat hy skep. Skrywers se verwagtings- of verstaanshorison word as't ware in hul werk weerkaats. Hierdie weerkaatsing kan natuurlik ook verteenwoordigend wees van hul opstand teenoor die werklikheidsbeeld wat hulle uitbeeld. 'Die produk (teks) wat gelewer word, word binne dié konteks geskep, ontvang en geïnterpreteer' (Greyling & Du Plessis 2000:154).

Greyling en Du Plessis (2000:154) meen dat beide skrywer en leser binne 'n sekere tydperk, binne 'n bepaalde sosio-kulturele, religieuse en politieke omgewing leef – en dat die teks wat geskep word gevolglik ook die resultaat is van die werklikheidsbeeld en konteks waarmee die skrywer soms direk, maar meesal baie indirek werk. Hierby kan sy begrip van genre en genrekonvensies, sy literatuuropvatting, ensovoorts, gevoeg word. Die voortbring van 'n teks binne 'n bepaalde ruimte is ten nouste verbonde aan die werklikheidsbeeld wat 'n skrywer in sy roman representeer. Skrywers staan derhalwe in 'n spesifieke verhouding tot die gangbare of dominante werklikheidsbeeld wat hulle in romans skep. Die skrywer kan dit óf onderskryf óf ondermyn. 'n Skrywer se eie werklikheidsbeeld kom in 'n gekodeerde en dikwels verhulde vorm in sy werk na vore. In die roman *Dieper water* reken ek dat veral die hoofkarakter Rachel Froneman se religieuse en sosio-politieke beskouinge van die Tweede Wêreldoorlog, asook die negentigerjare, as merkers kan dien van my eie postkoloniale cum postmoderne werklikheidsbeeld.

Na aanleiding van bogenoemde kan gestel word dat daar 'n intieme band tussen skrywers en werklikheidsbeeld is, want 'sosio-betrokke literatuur het voortgekom uit die insig van skrywers in 'n veranderde en veranderende wêreld' (Viljoen & Van der Merwe 2006:xi). Nie alle tekste is egter in hierdie sin betrokke nie. Die genoemde reaksie op die beeld wat skrywers van hul werklikheid het, kan in hul boeke, onder meer, deur die skeppingselement ruimte vergestalt word. In hierdie artikel gaan dit egter primêr oor die skep van werklikheidsbeeld wat 'n bepalende aspek is in die ruimte van die mens (en ook van karakters).

Wanneer 'n skrywer byvoorbeeld 'n karakter skep en uitbou, word daar uiteindelik (en onvermydelik) 'n beeld geskep van die karakter se lewensiening en van die tydgees as 'n stel kollektiewe idees. Handeling, verbaal en nieverbaal, werk ook mee om karakters te vergestalt en hierdie dramatisering deur middel van dialoog, optrede en gedagtegang, skep die werklikheidsbeeld waarmee die karakter worstel of identifiseer (De Kock 2008:79–80). Sodoende kry 'n lewensbeskouing gestalte in gekonsentreerde lewensbeelde (Botha & Snyman 1988:40). Die genoemde gekonsentreerde lewensbeelde is natuurlik vorme van werklikheidsbeeld wat nou gekoppel is aan die ruimte as skeppingselement.

Die skep van enige fiksie hou 'n sekere werklikheidsbeeld in, want die:

> feit bly dat die maak of skryf van fiksionele tekste 'n belangrike en gewilde vorm van kommunikasie is, waarin 'n siening van die werklikheid op konkrete wyse uiteengesit, weergegee en aangebied word. (Du Plooy 1992b:129)

'n Ruimtelike abstraksie soos werklikheidsbeeld (tydgees) word onder meer versterk deur karakters se sintuiglike waarneming van hul ruimte (Du Plooy 1992a:103). Werklikheidsbeeld of tydgees manifesteer dan in wat Jung (1968:70) noem 'social complexes of an archetypal character'. Sodra abstrakte ruimte derhalwe in 'n roman geskep word, word werklikheidsbeeld outomaties daarmee saam geskep, aangesien dit onafskeidbaar verweef is met ander abstraksies van die ruimte soos kultuur, religie, die politiek, en so meer. Sodra enige van hierdie aspekte deur middel van verbale en nieverbale handeling geskep word, kom die werklikheidsbeeld van die spesifieke roman ook tot stand.

Die volgende aspekte van die menslike bestaan, naamlik identiteit, kultuur, religie, hibriditeit, liminaliteit, ensovoorts, is nou met die skeppingselement ruimte en gevolglik met die werklikheidsbeeld verbind. Dit hou soos volg verband: 'n Werklikheidsbeeld het te maak met die mens se veronderstellings en sieninge van, onder meer, die mensdom, die geskiedenis, die wêreld, die politiek, sy kultuur en die religie. Aannames in verband met die omgewing of ruimte (beide konkreet en abstrak) beïnvloed die optrede van mense (en karakters) in baie opsigte en kulmineer uiteindelik in 'n gesamentlike of kollektiewe siening van die wêreld. Mense maak as 'n reël aannames aangaande hulself en ontwikkel sieninge omtrent hulself en hul eie reaksies op die wêreld om hulle. Hierdie sieninge en aannames kring uit na ander individue, die wêreld, die geskiedenis, die politiek en ook die religie (De Kock 2014:101). Soos reeds genoem, kan werklikheidsbeeld nie van, onder meer, kultuur, identiteit, religie, esovoorts, geskei word nie.

Werklikheidsbeeld en identiteit

Soos genoem, is werklikheidsbeeld die ervaring van 'n kulturele klimaat wat op sigself 'n effek op die identiteit van 'n persoon of groep persone kan hê. Dit is daarby moontlik dat die vergestalting van werklikheidsbeeld, deur middel van die skeppingselemente (karakter, ruimte, tyd en handeling), identiteit kan beïnvloed. 'Wanneer identiteit geskep word, ontstaan vorme van werklikheidsbeeld vanself, aangesien identiteit ook die ervaring van werklikheidsbeeld as 'n dominante kulturele klimaat insluit' (De Kock 2008:168).

Daar is 'n besliste verband tussen geskiedenis, herinnering en identiteit, en dit het meegehelp dat ek die kwessie van die soeke na identiteit in die roman *Dieper water* kon vergestalt.

Werklikheidsbeeld, as die kollektiewe bewuste of onbewuste van 'n bepaalde generasie, manifesteer in individuele lewensbeskouings. Werklikheidsbeeld raak die hele kulturele bestaan aan en gevolglik ook individuele of kollektiewe identiteit. Generasies van individue en groepe se identiteit word egter nie net deur een enkele werklikheidsbeeld of lewensiening beïnvloed nie, maar deur die hibridisasie of verbastering van verskeie vorme

van werklikheidsbeeld. Die stimulus vir die roman *Dieper water* was byvoorbeeld die idee dat daar 'n geslag is wat voor of tydens die Tweede Wêreldoorlog gebore is, wat noodgedwonge moes gewoond raak aan paradigmaskuiwe of vervreemd raak van hul leefwêreld. Hulle moes die tegnologiese en kommunikasierevolusie leer akkommodeer. Hierdie generasie waarvan ek deel is, is blootgestel aan die hibridisering van werklikheidsbeelde, aangesien hulle beide die naoorlogse jare en die huidige era rondom die millenniumwending ervaar het. Hibriditeit is in enige samelewing en kultuur 'n gegewe. Verbastering van kulture en lewenswyses vind plaas. Alhoewel die wêreldbeeld van 'n roman deur die skeppingselemente, by name ruimte, gereflekteer word, word die werklikheidsbeeld deur hibridisasie verander en beïnvloed (De Kock 2014:305).

Dit is nodig vir 'n skrywer om te weet wat identiteit behels voordat hy dit as aspek van werklikheidsbeeld kan skep. Volgens Greyling (2005:138) impliseer identiteit dat 'n mens iewers tuis voel – dit 'behels onder meer 'n belewing van om te behoort'. Persoonlike identiteit is verder nou verweef met herinnering, aangesien die mens se vermoë om te onthou hom in staat stel om sy bestaan en oorlewing te ervaar as samehangend en as dit wat geheel en al behorende tot dié spesifieke mens is (Burger 2007:9). Identiteit kan gesien word as 'n kernwoord vir 'n persoonlike lewensiening en 'n persoonlike beskouing van die wêreld, asook van die heersende werklikheidsbeeld. Werklikheidsbeeld is inderdaad 'n identiteitsbepaler. 'Identiteit is 'n konseptuele instrument waarmee sosiale, kulturele, politieke en persoonlike veranderinge verstaan kan word' (Jansen 2003:36).

Dit is belangrik om elke karakter se geslag en ras, sosiale statuur, geloof, ensovoorts in ag te neem tydens die voorstelling van karakters, want dit bepaal identiteit. 'Etnisiteit, sosiale klas, geloof, taal, seksuele oriëntasie, gesondheid en leeftyd is verder enkele van die belangrikste komponente van identiteitskonstruksies' (Jansen 2003:36).

Werklikheidsbeeld en kultuur

Kultuur, as 'n aspek van werklikheidsbeeld, kan kortliks gedefinieer word as die relatief gespesialiseerde leefstyl van 'n klompie individue – en dit sluit hul waardes, geloof, en gewoontes in. 'The cultural context is a set of beliefs, values and norms that are shared by a large group of people' (Lustig & Koester 1993:41). Hierdie stel waardes en norme wat alle mense in hulle ronddra, bepaal dus hul optrede en denke; en gevolglik het dit ook 'n invloed op identiteit. Liminaliteit as abstrakte ruimte wat dinamies met ander abstraksies soos byvoorbeeld werklikheidsbeeld en identiteit saamwerk, word verder vanselfsprekend deur die verbale en nieverbale handelinge van die karakters in die betrokke roman geskep. Kultuur vorm noodwendig 'n groot deel van die werklikheidsbeeld van 'n mens (en 'n karakter). ''n Stewige roman waarin die skeppingselemente duidelik en doelgerig figureer, is 'n weergawe van persoonlike en kulturele identiteit wat *vorme van werklikheidsbeeld* weerkaats' (De Kock 2008:88). Geen mens of karakter kan geheel en al los staan van kultuur nie, want dis integraal deel van sy omringende en deurdringende werklikheid. Om aan 'n sekere kultuurgroep te behoort, beteken dat die individu se denkwyse volgens die groep s'n geskool is, wat myns insiens ook sterk verband met die individu se beeld van die werklikheid hou (De Kock 2008:86). Word die karakters se kultuur helder uitgebeeld, volg dit dat die karakters se werklikheidsbeeld duidelik by die leser tuisgebring word. Deur onder meer die kultuur (geskep deur eetgewoontes, kleredrag, ensovoorts), asook die religieuse en sosio-politieke sieninge (geskep deur verbale en nieverbale handeling) van die karakters van die plaas Diepwater uit te beeld, is verskillende vorme van werklikheidsbeeld geskep.

Werklikheidsbeeld en politiek

Die mens (karakter) bevind homself dwarsdeur sy lewe midde-in die politiek. Hier word nie slegs van partypolitiek gepraat nie, maar veral die politiek tussen mens en mens (magsverhoudings) wat 'n substansiële deel van die werklikheidsbeeld van die mens (en 'n karakter) vorm. Enige roman maak staat op die dinamiek van die magsverhoudings tussen die karakters en hoe sterker die genoemde dinamiek, hoe meer kom hul werklikheidsbeelde met klaarheid na vore.

Werklikheidsbeeld en die religie

Die religieuse beskouing van die mens (en karakters) is onafskeidbaar met sy werklikheidsbeeld verweef. Die religie, of die aanvoelbare afwesigheid daarvan, is in enige samelewing sterk teenwoordig. Die skrywer moet homself hier afvra wat sy eie siening aangaande religie is en hoe dit as aspek van werklikheidsbeeld uitgebeeld moet word. 'n Christenskrywer behoort met sy werklikheidsbeelding in 'n verhaal nie net aan sy geloof getrou te bly nie, maar ook aan sy kunstenaarskap (Du Plessis 1996:34). Die estetiese eis mag met die uitbeelding van die religie as aspek van 'n werklikheidsbeeld nie geïgnoreer word nie.

Christelike lewenswaardes as deel van 'n werklikheidsbeeld kan in 'n roman bewerkstellig word deur die uitbeelding van die karakters se verhouding met God. In die roman *Dieper water* word die hoofkarakters as toegewyde Christene uitgebeeld wat 'n rol in die kerk en plaaslike gemeente speel en wat hulle daagliks, asook tydens krisisse, na God wend. Die karakters is egter menslik en maak foute wat in teenstelling is met byvoorbeeld die streng godsdienstige opvattings van die Suid-Afrikaanse gemeenskap van die veertiger- en vyftigerjare van die vorige eeu. 'n Christenskrywer kan gerus na Heyns (1985) se beskouing van die skrywer as kunstenaar streef:

> [*D*]ie kunstenaar is 'n gewyde priester wat met sy woorde van konsekrasie uit die natuurelemente van brood en wyn 'n nuwe verbeelde wêreld deur die proses van transsubstansiasie laat opstaan. (bl. 109)

'n Skrywer behoort egter te besef dat daar 'in 'n tyd soos vandag [...] bloedweining ooreenstemming oor etiese en teologiese sake is' (Van der Merwe & Viljoen 1998:211), en

behoort versigtig te werk gaan met eie oortuigings sodat dit nie voorbarig in die teks in geforseer word nie (N.P. van Wyk Louw, soos aangehaal deur Van der Merwe & Viljoen 1998:211). Die Christelike siening moes in die roman *Dieper water* byvoorbeeld dié van die karakters self wees en spontaan uit hul 'menswees' vloei. Hierdie 'menswees' kan uitgebeeld word deur verbale en nieverbale handeling en bewussynstrominge. Daardeur word hul religieuse oortuigings as deel van hul werklikheidsbeeld uitgebeeld.

Werklikheidsbeeld en hibriditeit

Dit is selde dat 'n karakter aan slegs een werklikheidsbeeld onderworpe is. Veral in 'n kontemporêre roman is dit waarskynlik dat karakters aan 'n hibriede of verbasterde vorm van werklikheidsbeeld onderworpe sal wees. Hibriditeit is die verbastering van verskillende vorme van werklikheidsbeeld. Hierdie verbastering vind plaas, aangesien daar nie vaste grense vir tydsgewrigte en die tydgees kenmerkend daaraan is nie.

> Die plooibare identiteit van byvoorbeeld die generasie wat tydens of net na die Tweede Wêreldoorlog gebore is, bring outomaties mee dat daar van hibriditeit en grense sprake is. Hulle steek kollektief en individueel gedurig grense oor. Hulle word as't ware genoop daartoe deur die veranderings wat polities, kultureel sowel as wetenskaplik en tegnologies van aard is. (De Kock 2008:82)

Hibridisering in die mens se ruimte en ook in teksruimte, is nie altyd 'n vermenging van opponerende konsepte nie, maar meer dikwels die ineenvloeiing van konsepte wat die moontlikheid het om bymekaar aan te sluit. Al die suiwer, asook hibriede vorme van werklikheidsbeeld word in die roman *Dieper water* oor 'n tydperk van 'n eeu hoofsaaklik deur die verskillende karakters se verbale en nieverbale handeling tot stand gebring. Vanselfsprekend is daar gebruik gemaak van skryftegnieke soos fokalisasie, bewussynstrominge, benoeming van besonderhede, ensovoorts, om die onderskeie vorme van tydgees in die genoemde roman te skep.

Werklikheidsbeeld en liminaliteit

Liminaliteit kan gesien word as 'n toestand tussen simboliese dood en herlewing anderkant die drumpel van 'n simboliese ruimte wat oorgesteek word. Die karakters in die roman *Dieper water* bevind hulle nie slegs op 'n afgesonderde plek soos die plaas Diepwater nie, maar ook 'n paar keer in liminale situasies soos oorloë – op dieselfde plek. Deur hierdie liminale situasie ontwikkel die karakters in *Dieper water* 'n nuwe, ander identiteit en lewensiening, en beeld daardeur hopelik vorme van werklikheidsbeeld uit. Liminaliteit is 'potentially and in principle a free and experimental region of culture, a region where not only new elements but also new combinatory rules may be introduced' (Turner 1982). Die karakters in *Dieper water* kry inderdaad voortdurend met nuwe, vreemde elemente van die politiek, die geskiedenis en die samelewing te doen. Dit werk vormend op hul werklikheidsbeeld in en word, soos genoem, uitgebeeld deur die gebruik van byvoorbeeld verbale en nieverbale handeling, fokalisasie, bewussynstrominge, die benoeming van besonderhede, beskrywing, ensovoorts. Die gebruik van 'n spesifieke styl kan ook verskillende vorme van tydgees illumineer, aangesien die Afrikaans wat byvoorbeeld tydens die Anglo-Boereoorlog gebruik is, bepaald verskil van 'n meer soepel en minder suiwer Afrikaans wat tydens die negentigerjare gepraat is. Die volgende aanhalings uit een van die briewe in die roman *Dieper water* kan byvoorbeeld illustreer dat die tydgees tydens die Anglo-Boereoorlog en daarna (vanuit die heersende perspektief gesien) moontlik effens stram en vol vaste sekerhede was:

> My moed het my begeef. Dis of mens alles van die oorlog kon verduur, maar noudat dit verby is, kom lê die swaar daarvan soos 'n lang klip op my skof. (De Kock 2007:266)

> Dan moet ek jou vertel dat ta' Raaitjie ook oorlede is. Maar sy het natuurlik al daar Bo by jou en die Here aangekom en soos wat ek die liewe ou mens ken, is niks wat ek jou nou vertel, vir jou nuus nie. (De Kock 2007:363)

Styl het verder hoofsaaklik te doen met die pragmatiese gepastheid van woorde – dit wil sê 'n aanvoeling vir die korrekte situasie (Carstens 2011:333). Die regte en gepaste styl kan meehelp om 'n sekere werklikheidsbeeld te skep. Na aanleiding van bogenoemde word identiteit en werklikheidsbeeld direk deur liminaliteit beïnvloed. Generasies wat oor tydperke verskillende vorme van werklikheidsbeeld beleef, beweeg voortdurend heen en weer tussen drumpels wat daar gestel word deur verskillende omstandighede soos byvoorbeeld die geskiedenis en kulturele taboes. In die roman *Dieper water* draai wat die karakters doen en wat met hulle gebeur om die feit dat die plaas Diepwater hul plek is. Hierdie konkrete basisruimte word hul liminale ruimte, 'n drumpelsituasie en 'n soort 'tussenruimte' (Du Plooy & Pilon 2006:18) waar hulle soek na identiteit.

Die plaas is juis as ruimte gekies omdat die roman handel oor 'die mens wat toenemend verwar raak' (Haasbroek 1992:55) en hierdie 'mens wat gekonfronteer is met die krisis van alle sekerhede gaan terug plaas toe' (Haasbroek 1992:55). Dit was vir my eenvoudig makliker om die roman *Dieper water* feitlik in sy geheel op 'n plaas te laat afspeel en die probleme (soos oorlog en radikale politiek) wat konflik meebring, daar te vergestalt. Juis omdat die plaas 'n liminale ruimte is, ook omdat daar in al drie van die verhaallyne van oorlog en geweld sprake is, wat ook liminale situasies is, kan dit as simboliese ruimte en deel van werklikheidsbeeld in die verhaal dien.

Werklikheidsbeeld en herinnering

Herinnering hang met werklikheidsbeeld saam. 'Die vermoë om te kan onthou, hou ook verband met ons vermoë om die wêreld te kan konseptualiseer' (Burger 2007:9). Die mens (karakter) kan nie sonder sy herinneringe enige werklikheidsbeeld hê nie.

Werklikheidsbeeld is derhalwe grootliks gebaseer op die geheue van die mens (karakter) én dit wat hy daaruit saamstel. Herinnering is verder onontbeerlik vir kognitiewe funksionering, asook vir morele funksionering (Burger 2007:9). Hierdie kognitiewe en morele funksionering hang weer ten nouste saam met karakterontwikkeling en die ontwikkeling van persoonlike identiteit, wat help vorm aan die werklikheidsbeeld wat 'n karakter met hom saamdra. Hoe werklikheidsbeeld in 'n roman geskep word, kan moontlik uit die volgende aanbevelings wat op my eie skryfwerk gebaseer is, afgelei word.

Aanbevelings

Aanbevelings wat hier gemaak word, is soos genoem, gebaseer op my eie refleksiewe praktyk tydens die skryfproses van die roman *Dieper water*, maar is ewe goed van toepassing op ander romans uit my pen. Daarby is ek oortuig dat die beginsels wat hier genoem word, nuttig kan wees vir die skep van werklikheidsbeeld in 'n roman.

Werklikheidsbeeld en navorsing

'There is always a mixture of fact and invention in writing fiction' (Novakovich 1998:8). Deeglike navorsing kan die skep van verskeie vorme van 'n werklikheidsbeeld vergemaklik omdat die skrywer dan 'n stewiger terrein betree en as't ware werktuie het. Sodra die skrywer 'n bekende verwysingsveld soos byvoorbeeld 'n konkrete plek met al sy abstrakte assosiasies gekies het, is dit makliker om die karakters se reaksies ten opsigte van die konkrete plek en 'n abstraksie, soos byvoorbeeld herinnering wat daaraan verbonde is, te skep. Intensiewe navorsing verskaf kontakpunte met die werklikheidsbeeld wat in 'n roman geskep word. Hier word van fisieke plekke soos huise, dorpe, stede en landskappe gepraat, sowel as die menigte abstraksies soos byvoorbeeld kultuur en politiek wat daaruit voortvloei. Die plaas in die roman *Dieper water* bestaan wel, maar het 'n ander naam. Ek het besondere herinneringe en redelik diepgaande kennis van die konkrete plek. Dit het bepaald meegehelp met die skep van werklikheidsbeeld as abstraksie in die roman.

Werklikheidsbeeld en die skeppingselemente

Werklikheidsbeeld is werklik 'n belangrike komponent van die ruimtelike dinamika. 'Ruimtelike dinamika is die wisselwerking tussen al die dimensies en fasette van ruimte – met ander woorde die dinamiek tussen die konkrete ruimte sowel as al die abstraksies van ruimte' (De Kock 2014:137). Ruimtelike dinamika het met ander woorde 'n direkte invloed op die ander drie skeppingselemente (karakter, handeling en tyd). Abstraksies (soos byvoorbeeld die mitologie, kultuur, religie, sosio-politiek en ekonomie) 'werk bepalend in op die onmiddellike storieruimte van die karakters […] en omgekeerd' (Brink 1989:122).

Tydgees verklaar byvoorbeeld die noue wisselwerking tussen karakter, ruimte en selfs plot, aangesien 'n roman en sy storielyn nie geskep kan word sonder dat dit tydgees weerspieël nie. Karakter, ál die fasette van ruimte (konkreet en abstrak), handeling en tyd werk inderdaad mee om werklikheidsbeeld in 'n roman te skep (De Kock 2008:88).

Werklikheidsbeeld kan hoegenaamd nie sonder die skeppingselemente tot stand gebring word nie:

> In alle romans vergestalt die skeppingselemente die spesifieke beeld van die werklikheid waaroor die roman handel. Die skeppingselemente en die skrywer se artistieke hantering daarvan skep op sigself identiteit, wat weer werklikheidsbeeld tot gevolg het. (De Kock 2008:266)

Die identiteitsprobleem in 'n roman is, onder andere die vind van die self ondanks die invloed van die era waarin die betrokke individue hulleself bevind. My roman *Dieper water* bevat byvoorbeeld verskillende vorme van tydgees wat die basisruimte, naamlik die plaas Diepwater affekteer. Daar is byvoorbeeld die sosio-politieke onrus van die Anglo-Boereoorlog wat die mens van sy grond, sy kultuur en selfs sy identiteit vervreem, asook dié van die Tweede Wêreldoorlog – onder meer die postkolonialistiese aanhang van vaste waarhede en die rigiede, byna gestroopte manier waarop boerdery bedryf is – grootliks vanweë die armoede wat ná die oorlog gevolg het. Verder is daar die invloed van die postmodernistiese tydperk van die tagtiger- en negentigerjare wat moderne tegnologie na die plaas bring en terselfdertyd die karakters soepeler in hul siening ten opsigte van die religie en sosio-politieke opvattings gemaak het. Die feit dat Rachel 'n bruin halfbroertjie het, is aanvanklik, wanneer die postkoloniale werklikheidsbeeld oorheers, 'n onoorkomelike probleem in die roman. Later, wanneer die postmodernisme begin oorheers, kan Rachel hierdie krisis in haar lewe oopskryf en al liberaler daaroor begin dink. Dit, met die hulp van Hektor wat 'oper' oor die saak dink en moontlik (al was dit onbewustelik) meer die postmoderne siening aanhang.

Aangesien verskillende tydperke met gepaardgaande wisseling van werklikheidsbeeld op die plaas Diepwater in die genoemde roman afspeel, was dit noodsaaklik om insig te hê in die vorme van werklikheidsbeeld waarmee die skrywer moet rekening hou. Dit is nodig, omdat 'n werklikheidsbeeld ook, soos reeds genoem, 'n identiteitsbepaler kan wees. Soos wat Wenzel (2005:80) dit stel: '[*S*]tories or narratives constitute a means of identity formation'.

Die skeppingselemente wat in 'n roman figureer, kan nie anders as om lesers hul eie identiteit, asook die identiteit van die karakters te laat begryp nie. 'Stories form an important part of our daily repertoire: they act as forms of self-discovery, therapy and models of behaviour' (Wenzel 2005:79). Na my mening kan 'n storie waarin ruimte helder geskep word, ook 'n duidelike werklikheidsbeeld dra, en indien dié werklikheidsbeeld krities deur 'n karakter of karakters beskou en selfs geanaliseer word, kan dit gedragspatrone beïnvloed.

Karakter, as skeppingselement, kan en moet na my mening effektief gebruik word om werklikheidsbeeld in 'n roman te

laat manifesteer. Uiteraard kan daar tipiese karakters vir elke era geskep word om verskillende vorme van tydgees uit te beeld, maar ook uitsonderingsfigure wat weerstand bied teen die heersende werklikheidsbeeld van hul tyd. Die skrywer kan byvoorbeeld eers besluit wie die hooffokalisator(s) van die roman is en waarom. Aangesien daar drie tydperke in die roman *Dieper water* vervat is, kan daar moontlik drie hoofkarakters wees wat afwisselend as fokalisators optree. Fokalisasie dra baie by tot die skep van werklikheidsbeeld in 'n roman. Daar behoort ook 'n fokalisator te wees wat al drie tydperke oorsigtelik in oënskou neem. In die roman *Dieper water* het ek van twee fokalisators gebruik gemaak. Een wat die werklikheidsbeeld van die Anglo-Boereoorlog deur verbale en nieverbale handeling kon skep (ouma Ragie) – en Rachel Froneman wat beide die postkoloniale tydgees, asook die postmodernisme ervaar het.

Hier moet genoem word dat werklikheidsbeeld nie altyd 'n deurlopende vorm van fokalisering is nie, aangesien dit iets is wat deur die geestesoog waargeneem kan word of nié noodwendig waargeneem kan word nie. Dit word, soos genoem, deur verbale en nieverbale handeling as't ware opgewek, maar vorm dan 'n eie entiteit wat weer terugwerkend beïnvloed. Sodoende word dit 'n aspek van die abstrakte, onsigbare ruimte van die mens (karakter). Verder is die meeste mense nie werklik bewus van die invloed wat die tydgees op hulle het nie. Dit beïnvloed hul doen en late in die meeste gevalle sonder dat hulle daarvan bewus is. Die karakters ouma Ragie en haar oorlede man, Nikolaas, is byvoorbeeld nie bewus van hul rigiede lewenswyse vol vaste sekerhede en vele beperkings nie. Die postmoderne karakter Nadia, as kleinkind van Rachel en Hektor, is veel meer bewus van die soepeler werklikheidsbeeld van haar tyd en wel op 'n analitiese wyse. Haar ouma Rachel het mettertyd ook geleer om haar werklikheidsbeeld te herken en te analiseer. Hier word 'n meer postmoderne werklikheidsbeeld deur verbale en nieverbale handeling uitgebeeld:

> Nadia teug met 'n ligte fronsie aan haar wyn, knik toe stadig. 'Goed, maar Ouma, ek wil oor Diepwater praat ... Ouma sê ons jonges loop weg Londen toe of waar ook al, maar was Ouma ooit regtig weg? Het jy jóúself al ooit gekry?'
>
> Rachel besef skielik waarom die 'jy' en 'jou' haar nie pla nie, want die meisie kyk haar reguit en respekvol aan. Entlik hou sy van die informaliteit. Dit oorbrug afstand, dink sy; plaas ons op gelyke voet. (De Kock 2007:39)

Kennis en verbeelding

Die skrywer se eie siening van die wêreld om hom vind noodwendig neerslag in die fiktiewe wêreld wat hy skep. Enige skrywer weet uit ervaring dat verbeelding en kennis op 'n sekere manier bind. Hierdie binding laat eie aanslag en eie inkleding met 'n gekose tydperk verenig – en daardeur word 'n spesifieke werklikheidsbeeld, wat by die roman pas, geskep (De Kock 2008:9). My kennis van die Oos-Vrystaat as persoonlike ervaring van 'n konkrete ruimte en ook my kennis van verskillende vorme van tydgees het meegehelp om werklikheidsbeeld in die genoemde roman te skep. Laasgenoemde stelling kan soos volg verantwoord word: Ek is deel van 'n generasie wat verskillende vorme van tydgees beleef het en steeds ervaar. Hier is byvoorbeeld sprake van die postkolonialisme, die postmodernisme en die post-postmodernisme. Die generasie wat tydens die Tweede Wêreldoorlog gebore is, is 'n hibriede groep, aangesien hulle tydens die twintigste eeu soveel veranderings van kulturele, tegnologiese, politieke en selfs religieuse aard moes deurmaak dat dié generasie nie werklik postkoloniaal van aard is nie, en ook nie geheel en al postmodernisties nie. Hierdie generasie is vanuit hul aard en wese hibried vanweë die maatskaplike, politieke en veral tegnologiese aanpassings wat hulle moes maak (De Kock 2008:82). Ek kon derhalwe my verbeelding, gevoed deur eie ervaring, gebruik om tydgees in die roman *Dieper water* te skep.

Sonder die nodige verbeelding kan 'n spesifieke werklikheidsbeeld in 'n roman inderdaad nie geskep word nie. Die skep van werklikheidsbeeld in 'n roman is weliswaar fabrisering, plus die vermoë van die verbeelding om feitelike inligting, ervaring en herinnering duidelik, maar ook as veranderend aan te bied. Die skrywer moet insig in sy eie, asook die toepaslike werklikheidsbeeld hê – en dit deur verbeelding onder woorde bring.

Werklikheidsbeeld en skryftegnieke

Daar is verskeie skryftegnieke waardeur werklikheidsbeeld in fiksie geskep kan word. Hier word slegs 'n paar genoem.

Werklikheidsbeeld en titel

Ek noem die titel van 'n roman hier eerste, aangesien dit die eerste aspek van 'n boek is wat deur 'n leser waargeneem word. In *Dieper water* werk die titel byvoorbeeld mee aan die skep van tydgees. Nie alleen sou dit dui op die plek Diepwater met sy diep spruit nie, maar die 'dieper' in *Dieper water* sou moontlik dui op verskillende tydperke met verskillende vorme van tydgees wat dieper die verlede in lê.

Fokalisasie

Een van die belangrikste skryftegnieke is die gebruik van fokalisasie om sodoende werklikheidsbeeld te skep. Die hooffokalisator sien die werklikheid om hom, voel sy emosies daaromtrent en vertolk dit sodat sy eie werklikheidsbeeld, asook moontlik ander karakters s'n, deur sy verbale asook nieverbale handeling weerspieël word. Dit is natuurlik ook moontlik dat die skrywer se eie werklikheidsbeeld in dié van die fokalisators kan neerslag vind.

Fokalisasie is in der waarheid bepalend vir die uitbeeld van feitlik alle aspekte van ruimte. 'Elke analyze van de ruimte zal dan ook moeten beginnen met het vaststellen van het waarnemingspunt' (Van Luxembourg, Bal & Weststeijn 1983:188). Die wyse waarop die fokalisator derhalwe die ruimte om hom sien, is bepaald die wyse waarop sy werklikheidsbeeld uitgebeeld kan word.

Die bewussynstroomtegniek

Skryftegnieke wat goed kan werk om tydgees te skep, is introspeksie en die bewussynstroomtegniek. 'Die bewussynstroom is daardie konstante, maar voortdurend veranderende vloei van idees, waarnemings, gevoelens en emosies wat elkeen van ons ervaar' (Burger 2005:2). Dit volg vanselfsprekend dat die genoemde idees, waarnemings, gevoelens, ensovoorts van die karakters en/of verteller, feitlik op sigself 'n werklikheidsbeeld skep.

Die outeur van 'n stuk skryfwerk maak, afgesien van die taktiele, ouditiewe en visuele indrukke wat 'n idee help vorm, ook gebruik van los indrukke. Dit is egter 'eers wanneer los indrukke geïntegreer word tesame met jou eie lewenswaarneming en die wilde perd van die verbeelding, dat jou werklike skryfproses begin' (Weideman 2000:41). Die genoemde waarneming en verbeelding kan ook wees waaruit 'n skrywer se werklikheidsbeeld bestaan. Los indrukke as deel van die bewussynstroomtegniek kan ook werklikheidsbeeld reflekteer.

Deur middel van die karakters se interne monoloë kan hul hele psige ingesluit word. Die mens se psige omvat sy ruimte en derhalwe sy werklikheidsbeeld. Die mens se psige (drome, herinneringe, ervarings, waarnemings, ensovoorts) skep vir seker sy werklikheidsbeeld. Selfs die mens se geografiese, en dus konkrete ruimte, is aan sy emosies en ook ideologie verbind (Viljoen *et al*. 2004:15).

Verbale en nieverbale handeling

Werklikheidsbeeld kan duidelik deur verbale (dialoog) en nieverbale handeling (gedagtes en optrede) vergestalt word. Aangesien die mens (karakter) intiem met sy omgewing verbind is, sal enige vorm van handeling skeppend meewerk om ruimte met al sy fasette, waaronder werklikheidsbeeld, uit te beeld. In die roman *Dieper water* is werklikheidsbeeld dikwels deur middel van verbale en nieverbale handeling geskep – byvoorbeeld tydens die gesprekke rondom die Tweede Wêreldoorlog, asook gesprekke wat in die negentigerjare plaasvind en op 'n postmodernistiese siening kan dui. Die volgende aanhaling uit die gedeelte wat in die negentigerjare afspeel, kan die sosio-politieke aspek van tydgees moontlik illustreer: 'Dis Jan wat dit prontuit sê: "Die hele idee dat ons as Afrikaanse wittes soos 'n klont kon saamkoek en vanuit ons witgeit die land regeer, klink nou belaglik"' (De Kock 2007:462).

Handeling (verbaal en nieverbaal) werk ongetwyfeld mee om die werklikheidsbeeld in 'n roman te skep (De Kock 2008:88). Soos genoem, is die skeppingselemente tydens die skryfproses onlosmaaklik vervleg met werklikheidsbeeld, aangesien álles wat karakters doen en sê, bydra tot hul beeld van die werklikheid om hulle. Karakters het uiteraard 'n siening in verband met die ruimte in en om hulle en daaruit vloei hul handeling wat meewerk om hul werklikheidsbeeld te konstrueer. 'n Voorbeeld hiervan is die volgende:

> Maatje, sterk Nat vandat sy getroud is, het op haar senuagtige manier die gesprek probeer draai, maar Joggem het vasgebyt: 'Tyd dat jy jou vrou aanspreek, ou Hektor. Stem moet sy stem. Jy sal moet kies, Rachel. Jy's nie alleen in hierdie land nie. Jy moet by jou soort hou ...' (De Kock 2007:374)

Bostaande is 'n uittreksel uit die roman *Dieper water* wat moontlik die rigiditeit van 'n postkoloniale werklikheidsbeeld kon skep en dit deur beide verbale en nieverbale handeling. Dit kan as postkoloniaal gesien word, aangesien dié newekarakter se woorde bevestig dat hy seksisties en polities in 'n groef is.

Hoe karakters oor gebeure voel, is nooit objektief nie en vergestalt ook hul siening van die werklikheid. Hierdie werklikheidsbeeld vorm ook identiteit. '[*P*]ersonal narratives shape how we attend to and feel about events, narratives are also versions of reality, embodiments of one or more points of view and not objective accounts' (Buijs 2003).

Die menslike psige, en ook 'n karakter s'n, herberg sy konkrete sowel as sy abstrakte ruimte(s).

> Sodra karakters deur middel van hul bewussynstrominge, hul verbale en nieverbale handeling, hulle innerlike monoloë en bewussynstrominge hul psige begin openbaar, vou die ruimtelike dinamiek waarbinne hulle bestaan as't ware oop. (De Kock 2014:307)

Werklikheidsbeeld is deel van die genoemde ruimtelike dinamiek.

Slotsom

Die skep van werklikheidsbeeld is 'n allerbelangrike aspek van die geslaagdheid van 'n roman. Hoe die ruimte in 'n roman gerepresenteer word, hang grootliks af van hoe die onderskeie vorme van werklikheidsbeeld geskep word. Verskillende wisselwerkende vorme van tydgees kan in een roman voorkom soos onder meer die postkolonialisme en die postmodernisme. Die uitbeelding van werklikheidsbeeld of tydgees bepaal inderdaad tot 'n groot mate die geslaagdheid van die ruimtelike uitbeelding, aangesien werklikheidsbeeld vele onontbeerlike ruimtelike abstraksies soos kultuur, die religie, die sosio-politiek, en so meer, herberg. In die skryfkuns en ook vanuit my eie ervaring as skrywer, poog ek om in hierdie artikel besinnend vanuit die praktyk te reflekteer oor die skep van werklikheidsbeeld in 'n roman.

Vanweë die verwikkeldheid van werklikheidsbeeld realiseer dit op verskillende vlakke in 'n roman en ook in die roman *Dieper water*. 'Dit realiseer in die karakters se uitgesproke lewensbeskouing [...] asook in die karakters se geïmpliseerde lewensbeskouing' (De Kock 2008:245–246).

Erkennings

Mededingende belange

Die outeur verklaar hiermee dat sy geen finansiële of persoonlike verbintenis het met enige party wat haar nadelig of voordelig kon beïnvloed het in die skryf van hierdie artikel nie.

Literatuurverwysings

Bachelard, G., 1994, *The poetics of space*, Beacon Press, Boston, Mass.

Beheydt, L., 2002, 'Culturele identiteit, taal en artistieke expressie', Inaugurele rede aan de Rijksuniversiteit van Leiden, gehouden op vrijdag 1 maart, geraadpleegd op 21 juni 2011, van http://www.let.leidenuniv.nl/forum/02_2/onderwijs/6.htm

Botha, E. & Snyman, N.J. (reds.), 1988, *Hoogtepunte in die Afrikaanse verhaalkuns*, Academica, Pretoria.

Brink, A.P., 1989, *Vertelkunde: 'n Inleiding tot die lees van verhalende tekste*, Academica, Pretoria.

Brock, B., 2002, 'Zeitgeist und Kreativität', besucht 16 Oktober 2012, bei http://www.boesner.com/kunstportal/kunstjournal/inhalte/detail?btUid=bt_DynamicContent&iDf_id=e3c67b56-ac1a-4e9c-84bf-1d18043db52a&iDf_relayClientId=1&iDf_recordDeleted=0

Buijs, G., 2003, 'Presenting and representing the past: African childhood recalled', *Tydskrif vir Afrikaans en Nederlands* 10(2).

Burger, W.D., 2004, 'Agaat' se storie – en my storie', *Beeld Plus* 3, 06 November.

Burger, W.D., 2005, 'Breyten Breytenbach se boek: die taal (poësie) as voelinstrument om bewussyn te verken', *Literator* 26(3), 1–21. http://dx.doi.org/10.4102/lit.v26i3.234

Burger, W.D., 2007, 'Om te versoen deur te onthou', *Beeld*, *By*, 9, 14 Julie.

Candy, L., 2006, 'Practice based research: A guide', viewed 15 March 2011, from http://www.creativityandcognition.com/resources/PBR%20Guide-1.1-2006.pdf

Capra, F., 1982, *The turning point: science, society, and the rising culture*, Fontana, London.

Carstens, W.A.M., 2011, *Norme vir Afrikaans: Enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans*, Van Schaik, Pretoria.

De Kock, H., 2007, *Dieper water*, Human & Rousseau, Kaapstad.

De Kock, H., 2008, 'Dieper water: Die skep van werklikheidsbeeld in 'n Komplekse ontspanningsroman en 'n skryfteoretiese besinning daaroor', M.A.-verhandeling, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom.

De Kock, H., 2014, 'Die skep van ruimtelike dinamika in 'n roman', PhD-proefskrif, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom.

Du Plessis, H., 1996, 'De christen als creatief schrijver', *Woordwerk* 16(14), 29–34.

Du Plooy, H., 1992a, 'Ruimte in 'n verhaal', in H. du Plessis & D. Steenberg (reds.), *Skryfateljee*, bl. 99–105, Van Schaik, Pretoria..

Du Plooy, H., 1992b, 'Plot', in T.T. Cloete (red.) *Literêre terme en teorieë*, bl. 384–387, HAUM-Literêr, Pretoria.

Du Plooy, H. & Pilon, S., 2006, *Herskrywing van die geskiedenis*, Bylae B (Studiegids vir AFNL 321A), Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom.

Engelbrecht, G.C., 2012, 'Bybelse intertekste in resente Afrikaanse gedigte en lirieke, met spesifieke verwysing na identiteitsformasies in die (post-)postmoderniteit,' PhD-proefskrif Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch.

Greyling, S.F., 2005, '"Wie in Afrika komt": 'n Halwe eeu se briewe (1897–947): Ruimte en identiteit in briewe van 'n Hollandse Onderwyserspaar, Izaäk en Cato Wüst', *Stilet* 17(3), 131–158.

Greyling, S.F. & Du Plessis, H., 2000, 'Karakters vir jeugdige lesers', *Literator* 21(2), 131–158. http://dx.doi.org/10.4102/lit.v21i2.479

Haasbroek, P.J., 1992, 'My mees gelese skrywer', in H. du Plessis & D. Steenberg (reds.) *Skryfateljee*, bl. 53–60, Van Schaik, Pretoria.

Hambidge, J., 1995, *Postmodernisme*, J.P. van der Walt, Pretoria.

HAT (*Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*), 2009, Maskew Miller Longman, Kaapstad.

Herman, D., 2009, 'Cognitive narratology', in P. Hühn, J. Pier, W. Schmidt & J. Schönert (eds.), *Handbook of narratology*, pp. 351–369, Walter de Gruyter, New York.

Heyns, J., 1985, 'Die skrywer en die kerk, 1980', in C. Malan & B. Smit (reds.), *Skrywer en gemeenskap*, bl. 106–116, HAUM Literêr, Pretoria.

Jung, C.G., 1968, *Man and his symbols*, Laurel, New York.

Jansen, E., 2003, 'Ons samelewing sal nog ingewikkelder gemaak word, Twee vertelmomente van Anna Barry se Boereoorlogdagboek en Ons Japie (1960)', *Tydskrif vir Nederlands & Afrikaans* 10(2).

Kehoe, J., 1997, *Mind power into the 21st century*, Zoetic, Vancouver.

Lustig, M.W. & Koester, J., 1993, *Intercultural competence: Interpersonal communication across cultures*, Harper Collins, New York.

Müller, P., 1992, 'Oor kreatiwiteit en die gogga wat skryf', in H. Du Plessis & D. Steenberg (reds.), *Skryfateljee*, bl. 1–5, Van Schaik, Pretoria.

Nonaka, I., 1997, 'Organizational knowledge creation', Summary of presentation delivered at the Knowledge Advantage Conference, held 11–12 November 1997, Purdue University, Indiana.

Novakovich, J., 1998, *Writing fiction step by step*, Story Press, Cincinnati, Ohio.

Polanyi, M., 1967, *The tacit dimension*, The University of Chicago Press, London.

Rookmaker, H.R., 1971, *Modern art and the death of a culture*, 2nd edn., Intervarsity Press, London.

Scrivener, S., 2004, 'The practical implications of applying a theory of practice based research: a case study', Working Papers in Art and Design 3, viewed 15 March 2011 from http://sitem.herts.ac.uk/artdes_research/papers/wpades/vol3/ssfull.html

Smith, B., 2003, 'John Searle: From speech acts to social reality', viewed 24 November 2011 from http://ontology.buffalo.edu/smith/articles/SearleIntro.pdf

Turner, V., 1982, 'Excerpts from the writings of Victor Turner (Revised Sept. 2003)', viewed 03 August 2011, from http:// www.creativeresistance.ca/communitas/defining-liminality-and-communitas-with-excerpts-by-victor-turner.htm

Van der Merwe, C.N. & Viljoen, H., 1998, *Alkant olifant: 'n Inleiding tot die literatuurwetenskap,* Van Schaik, Pretoria.

Van der Merwe, C., 2007, 'Frederik de Jager gesels met Carel van der Merwe oor Nasleep en No man's land', *Litnet*, besigtig 21 Maart 2011, by http://www.litnet.co.za/cgibin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=21269&cat_id=179

Van Heerden, E., 1997, *Postmodernisme en prosa*, Human & Rousseau, Kaapstad.

Van Luxembourg, J., Bal, M. & Weststeijn, W., 1983, *Inleiding in de literatuurwetenschap*, Dick Coutinho, Muiderberg.

Venter, L.S., 1992, 'Ruimte (epiek)', in T.T. Cloete (red.), *Literêre terme en teorieë*, bl. 453– 455., HAUM-Literêr, Pretoria.

Viljoen, H., Lewis, M., & Van der Merwe, C.N., 2004, 'Learning about space – and about ourselves', in H. Viljoen & C. van der Merwe (eds.), *Storyscapes: South African perspectives on literature, space and identity*, p. 15, P. Lang, New York.

Viljoen, H. & Van der Merwe, C.N., 2006, 'Oor die drumpel: Liminaliteit en literatuur', *Literator* 27(1), ix–xxvi. http://dx.doi.org/10.4102/lit.v27i1.175

Weideman, G., 2000, 'Jou boek hoef nie af te tjop nie! Aspekte van die skryfpraktyk', *Literator* 21(2), 37–50. http://dx.doi.org/10.4102/lit.v21i2.465

Wenzel, M., 2005, 'The crucial role of literature in the generation of knowledge and critical thinking', *Literator* 26(1).